STORT 'n traan of drie en dink aan Duitsland.

Aan Frankryk, Nederland, die hele hartstogtelike kontinent. Vergeet voorlopig van die Weimardoring in die vlees. In elke Afrikaner klop 'n Europese hart. In elke Boer – dit weet ons sedert die Briels en Bles – ruk 'n smartvraat.

In Stephan Bouwer se jongste "chanson-konsert" reik die nostalgie ver na die noorde, na Germaanse tale en kafeewalse. Dié *sehnsucht* beskryf Hennie Aucamp, wat ook die titel uitgedink het, as die "Breë weg", die "Lewensweg", die pad van onkeerbare drang en oorheersende drif.

Breë weg, voorwaar.

Variété

Vers, traan en kapittel

Op die Hartstog-Boulevard

Staatsteater

Schalk Schoombie

Tema en konsep was nie juis 'n probleem nie; in Aucamp se woorde: "En kyk net wat jy alles kan verenig . . ." Alles met 'n kontinentale geurtjie van emosie – ekskuus, *Europese* passie – is saamgesnoer in 'n sneesdosie – "verdriet, ligsinnigheid, sentimentaliteit, woede," en so meer. Sulke opwellinge is universeel, soos tydens die glansryke openingsaand ter plaatse beleef is.

Die fokus, soos voorheen met die gewilde *Van Berlyn tot Bapsfontein*, is weer op die lirieke, en natuurlik die ewe gewilde kunstenaars – Laurika Rauch en Jannie du Toit. 'n Potpourri van hoofsaaklik Europese liedjies deur Brel, Weill, Brecht, Pissuise en ander (Armatrading?) word met die verwagte belewing voorgedra. Afrikaanse liedjies deur Koos du Plessis, John Oakley-Smith en Amanda Strydom was terloops ver in die minderheid.

Maar anders as voorheen, toe daai eerste hartseerkabaret in raserige restaurante op ongemaklike verhogies rinkink het, is die rook en kafeelewe hierdie keer afwesig.

Die nuwe Théâtre Rendezvous doen met sagte lampies en al nie sy Franse naam gestand nie. Dis 'n teater in die Staatsteatertradisie – rye stoele teen 'n styl helling, 'n prosceniumverhoog. Daar is wel 'n nou rakkie vir sagte lampies en lou drankies, maar andersins is die *ambience* styf, formeel. Rook verbode.

Dié gedempte stemming demp ook die konsert. Die duo word dikwels in aparte kolligte geïsoleer of bewegingloos aan mikrofone gekluister, wat die beweeglikheid en interaksie erg kniehalter. Meer onderlinge kontak in die choreografie, soos in *Berlyn*, sou die verskil tussen lewe en dood kon beteken. Enkele kere beweeg die sangers kortstondig uit na die gehoor, maar nie diep of lank genoeg nie.

LAURIKA RAUCH. . . sy ken die taal van die hart.

Laurika Rauch, die koningin van Afrikaanse kabaret, wissel glorieryk van styl en karakter. Sy is wel ter tale – ook deeglik onderlê in die taal van die hart – met 'n onberispelike uitspraak wat elke nuanse verhelder. Haar verloklike oë verraai 'n paradysland van robuuste emosie. Elke uiteenlopende verskyning betower, veral haar gelade vertolking van Brecht/-Weill se *Die soldaat se vrou*.

Die groter ruimte van die Rendezvous stel egter Jannie du Toit se gebreke as sanger en vertolker aan die kaak. Hy is die gemaklikste in sy middelregister waar hy soms 'n heel aangename timbre voortbring. Maar sy stemomvang is beperk, terwyl sy frasering en monotone emosionele register stol in gemeenplase. Sy bewegings is stram en vreemd onritmies, soos in sy knieknakkende *De kleine man*.

Bouwer se samestelling is nie net driftig lukraak nie, maar struktureel sonder 'n spanningsdraad. In die eerste helfte word weggespring met oorwegend treurige liedjies, terwyl die einde aanbreek sonder 'n *pièce de résistance*. Die bewerige regie en flou bindingsteks help jou nie dié kronkelpad loop nie.

Surendran Reddy (klawerborde), Reuben Samuels (tromme) en Spiro Paxinos (basviool) stook lawende musiek, maar 'n mens kan nooit vergeet dat die musikale inkleding eintlik tweede viool speel langs die sogenaamde "woordliedjies" nie.

Gelukkig probeer Bouwer nie voorgee dis kabaret nie. Daarvoor is dié tranerige ontvlugtingsterapie só verwyder van eie bodem en problematiek, dat die *Ou ou lied van Afrika* skoon uit die blou van onse hemel plons. Als so relevant soos 'n Franse horing.

Gepraat van ontvlugting. Die enigste lied wat die realiteit van 'n revolusie erken, *Empty Chairs at Empty Tables* uit die musiekspel *Les Misérables*, vertel van 'n revolusie wat lank reeds verby is.

Chansons is net 'n hoge woord vir luisterliedjies. *Hartstog-boulevard* is niks minder nie as *Musiek en Liriek*, bloot 'n verskeidenheidskonsert in kontinentale toga.

En die sussende hand op die wiegie werk oortyd. . .

☐ **Tot Woensdag.**